



Bekendstelling van die "Naamdraers van Jesus - Wellington se donkies"

Vir dekades al word na hulle as die Donkies van Wellington verwys. Vir die sendingstudente was en is dit 'n ere naam. Die ontstaan van die naam Donkie vir 'n sendingstudent aan die destydse Wellingtonse Sendinginstituut, kom uit die beginjare van die "Boeren Zending School". By die opening van dié skool in 1903, het prof John Murray onder andere van die studente gesê dat hulle "zich aanbieden zullen om den naam van Christus te dragen voor de heidenen in ver verwijderde deelen van Afrika." Toe die Wellingtonse sendingstudente daarna aan 'n naam begin dink, het dr Andrew Murray met die naam "Donkie" vorendag gekom na aanleiding van Jesus se intog in Jerusalem op die rug van 'n donkie. So sou die donkie die sendeling as draer van Jesus se naam en die evangelie voorstel.



Bygewoon deur vele alumni van die Sendinginstituut van Wellington, het die *Donkies* die bekendstelling van die boek gevier. Dit was voorwaar 'n besondere en emosionele geleentheid toe die publikasie van bykans 600 bladsye aan die **samesteller, dr Pieter Bingle, oorhandig is.**

"Naamdraers van Jesus" vertel die verhaal van die 567 Donkies wat in die loop van 85 jaar by die Sendinginstituut gestudeer het. Hulle het die naam van Christus en die evangelie oor grense heen met ongeëwenaarde ywer gedra. In die kerkgeskiedenis sal hulle altyd bekendstaan as die toegewyde naamdraers van Jesus.

Hierdie sendelinge was die "opvolgers" van die donkie wat deur GK Chesterton in sy gedig, "The Donkey" beskryf word. Hy sê 'n donkie is lelik en lui: "With a monstrous head and sickening cry, and ears like errand wings." Eintlik is die donkie 'n bespotting van die diereryk. Maar in die laaste strofe skryf Chesterton: "Fools! For I also had my hour; one far fierced hour and sweet. There was a shout around my ears and palms at my feet."

Die Donkies word al hoe minder en ouer. Op Stilbaai was dit sigbaar. Die tekens van 'n lewe en werk in diens van hul Meester is op hul ouerwordende gesigte en in die stap te sien. Maar die passie om Donkie te wees is onmisbaar nog daar. Die opgewonde vertellings en herinnerings van vervloë dae bring 'n energie. Die Donkies se verhale is van die mooiste verhale in die kerk.

